FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

RIGLYNE EN PROSEDURES VIR INSKRYWINGSBESTUUR

AGTERGROND

Die Fakulteit Regsgeleerdheid bied tans LLB modules in die volgende programme aan:

1. LLB (4 jaar) - voorgraads
2. LLB (3 jaar) – nagraads [**Neem kennis:** daar sal geen inname vir hierdie program vir 2022 wees nie. Die volgende inname is 2023.]
3. BCom (Regsgeleerdheid) [gehuisves in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe]
4. BRekLLB [gesamentlik gehuisves met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe]
5. BA (Regsgeleerdheid) [gehuisves in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe]

Die Fakulteit Regsgeleerdheid kan elke jaar, weens onderrigoorwegings en fasiliteitsbeperkings, alleenlik ‘n totaal van +/- 320 nuwe studente in bogenoemde programme akkommodeer.

MINIMUM TOELATINGSVEREISTES

Sien www.maties.com vir minimum toelatingsvereistes vir alle programme.

KEURINGSPROSES

1. Sluitingsdatum

Aansoeke vir die LLB (4 jaar), BCom (Regsgeleerdheid), BA (Regsgeleerdheid) en BRekLLB sluit **31 Julie**.

Die Nasionale Norm Toetse (NNT) moet teen **24 Julie** afgehandel wees. Die NNT uitslae word in samehang met die finale Graad 11 (of Graad 12, indien beskikbaar) uitslae gebruik vir keuring. Aansoekers moet seker maak dat alle uitslae die Universiteit bereik sodra dit beskikbaar is.

2. Keuringslyste

Afsonderlike keuringslyste word vir elke program opgestel en moet die Fakulteit teen **30 August** bereik.

BELANGRIK: Die Fakulteit Regsgeleerdheid behou die reg voor om vir die keuringsproses punte in spesifieke modules, in die besonder Wiskunde, aan te pas. Die Fakulteit sal byvoorbeeld die Wiskunde punt wat aansoekers vir die LLB (4 jaar) en BA (Regsgeleerdheid) program behaal het, aanpas om te verseker dat aansoekers wat Wiskunde (in plaas van Wiskundige Geletterdheid) geneem het regverdig gedurende keuring gehanteer word. Sulke aanpassing van punte is slegs vir keuringsdoeleindes, voorwaardelik aanvaarde aansoekers moet steeds aan die minimum toelatingsvereistes van ’n program voldoen om te registreer.

LLB (4 jaar)
Eerste graad aansoeke:
Aansoekers word volgens akademiese meriete (gemiddelde finale Graad 11 resultate, of indien beskikbaar gemiddelde finale Graad 12 resultate, uitsluitend lewensoriëntering) en hulle gemiddelde NNT (Akademiese en Numeriese Geletterdheid) toetsuitslag in ‘n 80:20 verhouding gerangskik.
Tweede graad aansoeke:
Aansoekers wat reeds ’n baccalaureus graad verwerf het, word op grond van hulle prestasie in daardie baccalaureus graad gekeur.

LLB (3 jaar)

Let wel: daar is geen inname vir hierdie program in 2022. Die volgende inname is in 2023. Gegradueerdes wat daarin belangstel om ’n LLB graad as tweede graad in 2022 te doen, mag vir die LLB (4 jaar) program vir die 2022 akademiese jaar aansoek doen.

BA (Regsgeleerdheid)
Aansoekers word volgens akademiese meriete (gemiddelde finale Graad 11 resultate, of indien beskikbaar finale Graad 12 resultate, uitsluitend lewensoriëntering) en hulle gemiddelde NNT (Akademiese en Numeriese Geletterdheid) toetsuitslag in ‘n 80:20 verhouding gerangskik.

BCom (Regsgeleerdheid)
Aansoekers word volgens akademiese meriete (gemiddelde finale Graad 11 resultate, of indien beskikbaar finale Graad 12 resultate, uitsluitend lewensoriëntering) en hulle gemiddelde NNT (Akademiese en Numeriese Geletterdheid) toetsuitslag in ‘n 80:20 verhouding gerangskik.

BRekLLB
Aansoekers word volgens akademiese meriete (gemiddelde finale Graad 11 resultate, of indien beskikbaar finale Graad 12 resultate, uitsluitend lewensoriëntering) en hulle gemiddelde NNT (Akademiese en Numeriese Geletterdheid) toetsuitslag in ‘n 80:20 verhouding gerangskik.

3. Keuring

LLB (4 jaar)
Eerste graad aansoeke:
Ten einde ‘n teiken van 120 studente te registreer, sal +/- 160 studente na meriete gekeur word, waarvan ten minste 60 BSIA studente moet wees.
Tweede graad aansoeke:
Ten einde ’n teiken van 50 studente te registreer, sal +/- 70 studente na meriete gekeur word.

LLB (3 jaar)

Let wel: Daar is geen inname vir die 2022 akademiese jaar nie. Die volgende inname vir hierdie program is in 2023. Gegradueerde studente wat belangstel om die LLB as tweede graad te voltooi, mag vir die LLB (4 jaar) aansoek doen.

BA (Regsgeleerdheid)

Ten einde ‘n teiken van 50 studente te registreer, sal +/- 75 studente na meriete gekeur word, waarvan ten minste 25 BSIA studente moet wees

BCom (Regsgeleerdheid) en BRekLLB

Ten einde ‘n teiken van 100 studente te registreer, sal +/- 150 studente na meriete gekeur word, waarvan ten minste 50 BSIA studente moet wees. Die verdeling tussen die twee programme is tans 70/30, maar hierdie verdeling sal jaarliks aangepas kan word.

Die Fakulteite Regsgeleerdheid en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe sal elke jaar die afsnypunt van die keuring koördineer om te verseker dat die afsnypunte van die ander EBW programme en hierdie twee bogenoemde programme ooreenstem.

Die Fakulteit keur dus **460 studente** en die Dekaan het die bevoegdheid om **15 verdere studente**, wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, te keur volgens sy/haar eie diskresie.

Studente word teen **30 September** in kennis gestel van die uitkoms van die keuringsproses. Studente word spesifiek tot een program toegelaat en sal nie vir ‘n ander program kan registreer nie (dit geld nie vir BCom (Regsgeleerdheid) en BRekLLB nie, aangesien hierdie studente deur die Fakulteit EBW toegelaat word om vir ander EBW grade in te skryf)

4. Waglys

Nadat bogenoemde studente gekeur is, kan studente wat aan die minimum vereistes voldoen, maar nie gekeur is nie, die Fakulteitsadministrateur kontak om op ‘n waglys geplaas te word. Studente op die waglys word normaalweg eers aan die begin van die relevante akademiese jaar oorweeg.

5. Oorskakeling van ander programme of Universiteite

Slegs 25 plekke is beskikbaar vir studente wat aansoek doen vir oorskakeling van enige ander Universiteit of Fakulteit tot enige van die bogenoemde programme. Toelating is onderworpe aan keuring op grond van Universiteitsprestasie en skoolpunte. Indien ‘n student uit hierdie groep wel gekeur word, sal hy/sy alleenlik toegelaat word om vir die Program te registreer indien hy/sy in die vorige akademiese jaar geen module gesak het nie.

Hierdie voorskrif geld nie vir studente wat reeds vir ‘n LLB, BA (Regsgeleerdheid), BCom (Regsgeleerdheid) of BRekLLB by Stellenbosch Universiteit geregistreer is nie. Sulke studente sal toegelaat word om hulle program te verander indien hulle die toestemming van die betrokke Fakulteite bekom (dws Regsgeleerdheid, EBW of Lettere en Sosiale Wetenskappe).

6. Voorwaardelike keuring

Studente word voorwaardelik gekeur en moet aan die minimum vereistes van die betrokke program voldoen om te kan registreer.